

KONSTITUSIE ROLBALKLUB ROBERTSON

Hersien 31 Mei 2003

Aangepas Mei 2005, 2009

Inhoud

1. Naam
2. Kleure
3. Gelyke regte van lede
4. Breë Bestuur
5. Trustees
6. Affiliasie: B.R.V. en S.A.R.V.
7. Finansiële Jaar
8. Magte van die Komitee
9. Komitee vergaderings
10. Spesiale Algemene Vergaderings
11. Algemene Jaarvergadering
12. Finansies
13. Lidmaatskap
14. Subskripsies, Fooie en Heffings
15. Skorsing van lede
16. Lede wat bedank
17. Hersiening en nietigverklaring
18. Lewenslange lidmaatskap
19. Beslissende stem van Voorsitter
20. Keurkomitee
21. Ouditeurs
22. Veranderinge aan Konstitusie
23. Algemeen
24. Huishoudelike reëls

**ROLBALKLUB ROBERTSON
KONSTITUSIE**

NAAM

1. Die naam van die Klub is die ROLBALKLUB ROBERTSON

KLEURE

2. Die Kleure van die Klub is Vlootblou (navy) en Kastaiingbruin (maroon).

REGTE VAN LEDE

3. Binne die kategorie van sy lidmaatskap sal alle lede van die Klub, mans en dames, gelyke regte geniet soos in die Konstitusie uiteengesit.

BREË BESTUUR

4. (a) Die aangeleenthede van die Klub sal bestuur word deur 'n Algemene Komitee, hierna verwys as "die Komitee" en sal bestaan uit die President, Vise President, Sekretaris, Tesourier, Baanmeester, Ontwikkelingsbeampte, Wedstrydsekretaris en drie (of vier) addisionele lede. Tien in totaal. Indien nodig mag een persoon twee posisies beklee.
- (b) Die President, Vise President, Sekretaris, Tesourier, Baanmeester, Ontwikkelingsbeampte, Wedstrydsekretaris en drie addisionele lede sal op die Algemene Jaarvergadering vir 'n tydperk van een jaar verkies word. Indien een persoon in twee van genoemde posisies verkies word, moet vier addisionele lede i.p.v. drie verkies word. Lewenslange lede, Ere lewenslange lede en spelende lede sal geregtig wees om vir lede van Die Komitee te stem en sal ook op die Komitee verkies mag word. As die verkose President manlik is, moet die Vise President 'n dame wees of andersom. Twee van die addisionele lede moet of mans of dames wees.
- (c) Behalwe vir die Keurkomitee sal Die Komitee by magte wees om sub-komitees en alternatiewes aan te stel. Die President en Sekretaris sal ex officio stemgeregtigde lede van sulke komitees wees, insluitende die Keurkomitee, behalwe dat die Sekretaris geen stem op die Keurkomitee sal hê nie tensy hy as lid van die Keurkomitee verkies is.
- (d) Onderworpe aan goedkeuring van die Algemene Jaarvergadering of 'n Spesiale Algemene Vergadering, sal die Komitee by magte wees om enige surplus fondse van die klub te belê.

TRUSTEES

5. Gedurende hulle dienstermyn sal die eiendom van die Klub onder berusting van twee Trustees n.l. die President en Vise-President wees. Hulle sal by magte wees om regsgedinge in te stel of te verdedig namens die Klub, onderhewig aan goedkeuring deur Die Komitee.

AFFILIASIE: B.R.V. en S.A.R.V

6. Die Klub sal affilieer by die BOLAND ROLBALVERENIGING en deur dié vereniging aan die SUID-AFRIKAANSE ROLBALVERENIGING en sal onderworpe wees aan dié verenigings se Konstitusies, Reëls, Resolusies en Reëls van die Spel vir solank as wat die Klub lidmaatskap behou.

FINANSIËLE JAAR

7. Die Finansiële Jaar sal strek vanaf 1 April tot 31 Maart van die volgende jaar.

MAGTE VAN DIE KOMITEE

8. (a) Die Komitee sal voimag hê om alle sake van die Klub te bestuur en sal met enige aangeleentheid wat mag ontstaan, diskresionêr optree.
 (b) Die Komitee sal die mag hê om alle vakante poste wat ontstaan, te vul. Dit sluit sub-komitees en ander komitees ook in. Die Komitee sal die mag hê om 'n lid te koöpteer op voorwaarde dat die stemkrag van tien, soos reël 4(a) van die Konstitusie bepaal, nie verander is nie. As die Komitee ingevolge hierdie reël optree moet 'n balans tussen manlike en vroulike lede gehandhaaf word sover dit moontlik is soos in reël 4(b) uiteengesit.
 (c) In die afwesigheid van die President en die Vice-President sal die Komitee sy eie Voorsitter verkies.

KOMITEE VERGADERINGS

9. (a) Die Komitee sal maandeliks vergader of as 'n vergadering aangevra word deur enige vier (4) lede van die Komitee of deur die President. Behoorlike notules van die vergaderings moet gehou word.
 (b) 'n Geskrewe opsomming van vergaderings deur die Keurkomitees of ander Sub-komitees moet op die maandelikse vergaderings van die Algemene Komitee voorgelê word.
 (c) Ses (6) Komiteeledede vorm 'n kworum.
 (d) Enige lid van die Komitee, Keurkomitee of ander Sub-komitees wat versuim om drie opeenvolgende vergaderings by te woon sonder verlof tot afwesigheid, sal nie meer 'n lid van die Komitee wees nie.

SPESIALE ALGEMENE VERGADERINGS

10. 'n Spesiale Algemene Vergadering van die Klub mag enige tyd deur die Komitee byeengeroep word. Die President sal 'n Spesiale Algemene Vergadering byeenroep binne veertien (14) dae nadat 'n versoekskrif ontvang is. Die versoek moet deur minstens sewe (7) erkende lede geteken wees. Op 'n Spesiale Algemene Vergadering mag slegs die sake wat op die agenda of versoekskrif verskyn, aandag geniet. Kennisgewing van die vergadering en sake wat bespreek gaan word, moet sewe (7) volle dae voor die vergadering op die Kennisgewingbord verskyn.

JAARLIKSE ALGEMENE VERGADERING

11. (a) Die Jaarlikse Algemene Vergadering van die Klub waarvoor sewe (7) dae kennis gegee sal word, sal op die laaste Woensdag in Mei van elke jaar en voor die Algemene Jaarvergadering van die B.R.V. gehou word.
- (b) Die Komitee se verslag en die Jaarlikse Finansiële Verslae, behoorlik geouditeer, sal minstens sewe (7) dae voor die Algemene Jaarvergadering op die kennisgewingbord geplaas word.
- (c) By die Algemene Jaarvergadering en/of Spesiale Algemene Vergadering sal 25% van die Spelende Klublede 'n kworum vorm. Indien daar nie 'n kworum teenwoordig is nie, sal die vergadering oorstaan tot sewe (7) dae later. By 'n vergadering wat só uitgestel is, sal die lede dan teenwoordig 'n kworum vorm.
- ((d) Ontwikkelingsbeampte: Elke jaar by die Algemene Jaarvergadering, sal 'n Ontwikkelingsbeampte aangestel word wie se funksie dit sal wees om 'n ontwikkelingsprogram vir die Klub te onderneem.

FINANSIES

- 12 (a) Die fondse van die Klub sal in die naam van die Klub in 'n bank gedeponeer word. Alle tjeks moet deur twee (2) van die volgende lede geteken word: President, Vise President, Tesourier en Sekretaris.
- (b) Die tesourier sal alle rekeninge laat sertifiseer deur die persoon wat die kostes aangegaan het, voordat die rekening aan die komitee voorgelê word. Geen vergoeding sal gemaak word tēnsy deur die Komitee goedgekeur is nie.
- (c) Die tesourier sal op al die maandelikse Komiteevergaderings 'n maandelikse staat en 'n balansstaat van die bank, 'n lys van uitstaande rekenings en 'n lys van uitstaande subskripsies ná 31 Julie elke jaar, voorlê.
- (d) State van alle gelde wat deur alle sub-komitees hanteer is, moet maandeliks by die tesourier ingedien word.

LIDMAATSKAP

13. (a) Die lede van die Klub sal uit Lewenslange lede, Ere-lewenslange lede, Spelende lede, Plattelandse lede, Sosiale lede en Erelede bestaan. Plattelandse lede, Sosiale lede en Erelede sal geen seggenskap rakende die beheer en bestuur van die Klub hê nie. 'n Register sal van die groeperings van klublede gehou word. (Die persentasie sosiale lede is in 2009 geskrap).
- (b) Wanneer aansoek gedoen word vir toelating tot die Klub, sal die aansoeker die vorm wat deur die S.A.R.V. voorsien word, voltooi en vorige rolbal ondervinding en klassifikasie, indien enige, verstrek. Die applikant moet voorgestel en gesekondeer word deur twee erkende lede. Die aansoek moet vir een week op die Kennisgewingbord geplaas word en dan op die volgende vergadering van die Komitee voorgelê word. Enige lid wat teen die aansoek beswaar maak, moet dit skriftelik aan die Sekretaris doen as die Komitee dit aanvra. Die Komitee sal oor die kwessie van die aansoeker se toelating tot lidmaatskap per briefie stem. Indien daar drie of meer stemme teen die voorgestelde lid is, sal hy/sy nie as lid van die Klub toegelaat word nie. Die feit dat geen skriftelike beswaar ontvang is nie, sal nie die Komitee verhinder om 'n aansoek tot lidmaatskap te verwerp nie.

- (c) Indien aanvaar, en gelde verskuldig aan die Klub is betaal, sal die applikant op al die voorregte van die Klub geregtig wees. Teen betaling van 'n bedrag wat deur die Komitee vasgestel is, moet 'n afskrif van die Klub se Konstitusie ook aan so 'n lid beskikbaar gestel word.
- (d) Die Komitee mag Ere nie-spelende lede aanvaar teen 'n jaarlike subskripsie wat elke jaar op die Jaarlikse Algemene Vergadering vasgestel word, maar nie minder as R50-00 per jaar is nie. Sulke lede sal geen seggenskap rakende die beheer en bestuur van die Klub se sake hê nie en sal nie toegelaat word om op enige vergadering van die Klub te stem nie.
- (e) Lede van ander Rolbalkklubs mag as Plattelandse lede deur die Komitee toegelaat word teen 'n jaarlikse subskripsie wat elke jaar op die Jaarlikse Algemene Vergadering vasgestel word en nie minder as R12-00 per jaar is nie. Sulke lede sal geen seggenskap rakende die beheer en bestuur van die Klub se sake hê nie en sal nie toegelaat word om op enige vergadering van die Klub te stem nie.
- (f) Reël wat lees: "Slegs lede word toegelaat om vir drank te betaal" is geskraap.
- (g) Geen persoon wat binne dertig (30) kilometer van die Klub se perseel woon kan in aanmerking vir verkiesing as Erelid, Tydelike lid of resiproke lid van die Klub kom nie tensy :-
- (i) Hy/sy so verkiesbaar is vanweë openbare ampsbekleding of 'n bona fide kandidaat vir lidmaatskap is of 'n uitsonderlike weldaad aan die klub bewys het of
 - (ii) Hy/sy die voorregte van lidmaatskap ontvang terwyl hy/sy besig is met 'n wedstryd of kompetisie so deur die bestuur van die Klub goedgekeur.

SUBSKRIPSIES, FOOIE EN HEFFINGS

14. (a) Elke spelende lid buiten 'n Lewenslange lid en Ere Lewenslange lede sal 'n jaarlikse subskripsie betaal soos op 'n Algemene Vergadering vasgestel is, maar nie minder as twaalf Rand (R12) per jaar is nie.
- (b) Die termyn van subskripsie sal vanaf die datum van die Algemene Jaarvergadering elke jaar dateer.
- (c) Lede wat op of ná 1 November aansluit sal 'n subskripsie betaal vir die res van die jaar soos deur die Komitee bepaal.
- (d) Die Komitee is by magte om van enige lid wat 'n sluitkassie gebruik, 'n fooi te vra.
- (e) Die Komitee is by magte om na goeddunke of wanneer die Sekretaris 'n geskrewe versoek voor 1 Mei van 'n lid ontvang het, by die agenda vir die Jaarlikse Algemene Vergadering 'n punt in te sluit om aan al die lede 'n heffing op te lê wat bykomend tot die Jaarlikse subskripsie betaal moet word.
- (f) Die jaarlikse subskripsie is verskuldig en elke jaar in drie gelyke paaierente betaalbaar. Die eerste paaierent is betaalbaar op of voor 1 Julie, die tweede op of voor 1 Oktober en die derde op of voor 1 Januarie die volgende jaar. Enige Lid wat enige paaierent na twee maande nog nie betaal het nie, mag na een maand se waarskuwing van alle voorregte van lidmaatskap geskors word. Indien die subskripsie na een maand se skorsing steeds agterstallig is sal die lid se naam van die ledelys geskrap word.
- (g) Subskripsies, Heffings en Fooie betaalbaar deur lede en besoekers sal op elke Jaarlikse Algemene Vergadering hersien word.
- (h) Alle Kompetisiefooie sal voor die aanvang van die betrokke Kompetisie verskuldig en betaalbaar wees. Enige deelnemer wat nie hierdie reël respekteer nie sal outomaties uit die Kompetisie geskraap word.

SKORSING VAN LEDE

15. 'n Lid wat weier om die reëls van die Klub na te kom of wie, in die opinie van die Komitee, hom/haar aan onbetaamlike of onwaardige gedrag skuldig gemaak het sal onderworpe wees aan optrede deur die Komitee. Indien die Komitee dit goeddink sal dit by magte wees om so 'n lid te sensureer of om hom/haar te vra om te bedank. Enige lid teen wie se gedrag opgetree is kragtens die bepaling van hierdie reël sal die geleentheid gegee word om persoonlik aan die Komitee 'n verduideliking te gee, of skriftelik soos hy/sy verkies, op voorwaarde dat hy/sy skriftelik daarvan sal kennis gee binne een week nadat die Komitee se besluit skriftelik aan hom/haar gegee is. Dit sal geensins die Klub daarvan weerhou om die aangeleentheid na die B.R.V. te verwys vir optrede deur hulle nie.

BEDANKINGS

16. Lede wat nalaat om voor 1 April elke jaar skriftelik aan die Sekretaris kennis te gee van hul voorneme om lidmaatskap op te sê, sal na goeddunke van die Komitee, aanspreeklik gehou word vir die jaar se subskripsie.

HERSIENING EN NIETIGVERKLARING

17. (a) Enige lid van die Komitee mag die hersiening en nietigverklaring aanvra van enige besluit aangeneem en goedgekeur op Komiteevergaderings, op voorwaarde dat 'n skriftelike versoek binne sewe (7) dae aan die Sekretaris gegee word. Sulke mosies om te hersien en nietig te verklaar moet beslis word deur 'n tweederdes meerderheid van lede teenwoordig.
- (b) 'n Lid mag die hersiening en nietigverklaring aanvra van enige besluit of reël wat op 'n Jaarlikse Algemene Vergadering of Spesiale Algemene Vergadering aanvaar is, op voorwaarde dat 'n skriftelike versoek geteken deur minstens sewe (7) erkende lede binne sewe (7) dae aan die sekretaris gegee word. 'n Spesiale Algemene Vergadering sal dan deur die Komitee belê word binne die volgende sewe (7) dae om die saak te bespreek.

LEWENSLANGE LEDE

18. Ere Lewenslange Lede en Lewenslange Lede mag op die Jaarlikse Algemene Vergadering of 'n Spesiale Algemene Vergadering verkies word, onderworpe aan 'n aanbeveling van die Komitee. Lewenslange Lede sal die regte van volle lidmaatskap hê.

BESLISSENDE STEM VAN VOORSITTER

19. Op alle vergaderings sal die Voorsitter 'n beslissende sowel as 'n gewone stem hê.

KEURKOMITEE

20. (a) Die Keurkomitee sal uit ses (6) lede (buiten die President ex officio) bestaan en sal op die Jaarlikse Algemene Vergadering verkies word. Minstens drie lede sal mans wees en minstens drie lede sal dames wees. Vier lede sal 'n kworum vorm.
- (b) Die pligte van die Keurkomitee sal wees: Klassifikasie van alle spelers, Verkiesing van alle Skippers, spelers en reserwes vir alle wedstryde, maar B.R.V. -Wedstryde en S.A.R.V. - Toernooie uitgesluit.
- (c) Die Keurkomitee mag na goeë dunnke met die Skippers saamwerk rakende die verkiesing van spanne.
- (d) Die Keurkomitee sal ook as die Wedstrydkomitee optree.
- (e) Ondanks enige bewys van die teendeel soos bo uiteengesit sal die Klub as volg te werk gaan wanneer 'n Nasionale of Streekspan verkies word:
Die President en die drie dames in die geval van die verkiesing van 'n damesspan of die drie mans in die geval van die verkiesing van 'n mansspan, sal die Skipper van die span kies. Die Skipper so verkies sal dan as lid van die Keurkomitee gekoöpteer word met stemreg en die President, die drie dames of die drie mans, soos die geval mag wees, sal saam met die gekoöpteerde Skipper die res van die spanlede kies. Hierdie bepalings sal nie van toepassing wees met die kies van 'n gemengde span nie.

OUDITEURS

21. Die Ouditeurs wat by die Jaarlikse Algemene Vergadering aangestel is, sal die boeke en rekeninge van die Klub aan die einde van elke finansiële jaar kontroleer en sertifiseer dat die Balansstaat en rekeninge juis en in orde is.

VERANDERING AAN DIE KONSTITUSIE

22. Veranderinge aan die Konstitusie kan slegs op 'n Jaarlikse Algemene Vergadering of Spesiale Algemene Vergadering teweëgebring word deur 'n twee derdes meerderheid van stemgeregtigde lede teenwoordig. Daarna is dit onderhewig aan goedkeuring van die Boland Rolbalvereniging. Kennisgewings van die voorgestelde veranderings/amendemente mag skriftelik aan die Sekretaris voorgelê word en moet deur minstens sewe (7) gerespekteerde lede geteken wees. Die Sekretaris sal ná konsultasie met die President sewe (7) dae kennis gee van die vergadering en voorgestelde veranderinge/amendemente, deur die besonderhede op die kennisgewingbord te plaas.

ALGEMEEN

23. (a) *Korrespondensie*: Alle korrespondensie sal aan die Sekretaris van die Klub geadresseer word.
- (b) *Dubbele Lidmaatskap*: Geen lid mag op die Komitee dien as hy/sy 'n amp by enige ander Rolbalklub beklee nie.
- (c) *Gebruik van Klubperseel*: Die gebruik van die Klubperseel sal beperk wees tot:
- (i) Die speel van rolbal en ander toevallige verwante en
 - (ii) Na goeddunke van Die Komitee, enige sosiale funksie deur 'n lid of lede van die Klub georganiseer, of deur of ten bate van enige wettige liefdadigheidsorganisasie of Godsdienstige instansie.
- (d) *Vertolking van Reëls*: In geval van twyfel oor die presiese betekenis van enige reël sal die interpretasie deur die Komitee vir alle lede bindend wees maar by die volgende Jaarlikse Algemene - of Spesiale Algemene Vergadering wat om die rede byeengeroep is, indien so verkies, voorgelê word vir die lede se beslissing.

HUISHOUDELIKE ReëLS

24. (1) Alle lede sal die reëls van die Konstitusie, die Huishoudelike reëls van die Klub, B.R.V.en S.A.R.V. sowel as die reëls van die spel nakom. Enige addisionele huishoudelike reël wat deur die Klub nodig gevind mag word moet stiptelik nagekom word en sal vir alle lede bindend wees.
- (2) Die Baanmeester sal by magte wees om te eniger tyd spel op klubvlak op te skort as toestande opskorting van spel noodsaak. Vir geleenthede bo Klubvlak sal die Beheerfiggaam besluite neem.
- (3) Geen spel behalwe Rolbal sal op die Klub se rolbalveld gespeel word nie.
- (4) Kinders sal nie toegelaat word om op die rolbalveld, walle of andersins op die eiendom van die Klub te hardloop nie.
- (5) Honde sal nie binne die omheining van die Klub toegelaat word nie.